

EDITORIAL



Once more it's upon us – YULETIDE! Yes, is this not a very special time of the year for many of us? Apart from the fact that it really is a time to slow down, take stock, be kind, regroup, think of others, forget about all the negatives that have invaded our lives on a daily basis in the past year; and most important, a time to thank a higher being for seeing us through another year; I simply love the bells and whistles and all that glitters that's part of the festive period.

For many of us this is also the time of the year when we take our annual vacation, and for that very reason we've asked one of our well-known book selectors, Sabrina Gosling, to put together a holiday reading list (page 23). What a joy it was to edit – my only frustration is that there are so many books that I ticked to add to my list of books to read before I die that I think the Grim Reaper is going to catch up with me before I am halfway through my list! As an added element of interest we contacted our various correspondents who contributed to the magazine during the year, and we also did an internal survey of staff to find out their best reads for 2012 – all of which we share with you on page 8. I am fairly confident that nobody is going to batte to find at least one good book to lose themselves in during this holiday period.

On the more serious side, Genevieve Hart, associate professor at the University of the Western Cape shows us a year in the extracurricular life of a library school – interesting and informative reading on page 14.

Very important also in this issue, on page 16 we publish a comprehensive article on municipal replacement funding by deputy director Pieter Hugo. This funding has been put in place by the Western Cape Government to compensate vulnerable municipalities for library expenditure, which, since 1996 actually has been the responsibility of provincial governments.

The 2013 International Board on Books'World Congress, held this year in Copenhagen has also come and gone, and on page 20 outgoing chairman Robin Malan provides interesting feedback on this important event.

Cheers! Slainte! Gesondheid! Prost! Skål! ... man's fascination with the fruit of the vine cannot be denied, and if not abused, it is for many an indispensable feature of any social interaction. As correspondent Dalena le Roux points out in her article on page 50, a glass of something liquid in our hands can almost be called the lifeblood of any get-together. Well, we are entering the festive season, so use the 'liquid' wisely and make sure that you have a book, not a steering wheel, in your hands!

Friendly Christmas wishes from all in Publications!



Editor • Redakteur
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

Layout • Bladuitleg
Olivia Forshaw

Photography • Fotografie
David Webber

Administration and Advertising •
Administrasie en Advertensies
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

Web site • Webtuiste
www.westerncape.gov.za

Online public access catalogue
<http://wcslims.gov.za/desktop/desktop.phpml>

E-mail • E-pos
capelib@pgwc.gov.za
gazarlux@pgwc.gov.za
grizell@africa.com

Address • Adres
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Postbus 2108 Kaapstad, 8000

Indexed in • Geïndekseer in
LISA (Library and Information
Science Abstracts)

Reproduction and Printing • Reproduksie
en Drukwerk
Shumani Mills Digital

Cover design • Omslagontwerp
Olivia Forshaw
© Library Service © Biblioteekdienis
SA ISSN 0 008 5790

Dit is weer sulke tyd - KERSFEES! Dit bly vir baie van ons mos'n baie spesiale tyd van die jaar. Behalwe dat dit werklik tyd is om die pas stadiger te maak, om jou lewe in oënskou te neem, om jou vere reg te skud, om te vergeet van die talle negatiewe gebeure wat'n mens daagliks beïnvloed, en baie belangrik, om dankie te sê aan'n hoër wese vir die talle genades ontvang deur die jaar; bly ek dol oor die heerlikeheid van die feesseisoen.

Hierdie tyd van die jaar gaan die meeste van ons lesers met hul jaarlike vakansie en om daardie rede het ons Sabrina Gosling, ons bekende boekkeuder, gevra om 'n vakansieleeslys saam te stel (bladsy 23). Dit was pure plesier om dit te redigeer – my enigste frustrasie was dat daar só baie boeke op die lys was waarlangs ek 'n merkje gemaak het vir my lysie van boeke wat ek nog moet lees voordat ek doodgaan, dat ek bevrees is dat die Ou Grote my dalk sal kom haal voordat ek by almal uitgekom het! Net om dit nog interessanter te maak, het ons al ons medewerkers van 2012 genader, en ook 'n vryelaan personeel gestuur om hul beste boek vir 2012 aan te du – kyk gerus op bladsy 8 na hulle keuses. Ek is vol vertroue dat niemand vanjaar gaan sukkel om hul neuse in tenminste een goeie boek te druk nie.

Op 'n ernstiger noot vertel Genevieve Hart, mede-professor aan die Universiteit van die Wes-Kaap vir ons van hul meer informele kursusse wat deur die biblioteekskool aangebied word – interessante nuus wat op bladsy 14 gelees kan word.

Ook baie belangrik in hierdie uitgawe, publiseer ons 'n volledige artikel op bladsy 16 deur adjunkdirekteur Pieter Hugo oor die Municipale Vervangingsbefondsing wat deur die Wes-Kaapse regering in plek gestel is om kwesbare munisipaliteite te vergoed vir uitgawes op biblioteke wat sedert 1996 eintlik die verantwoordelikheid van provinsiale regerings is.

Die uittredende voorstander van die International Board on Books (IBBY), Robin Malan, het die onlangse wêreldkongres van IBBY in Kopenhagen bygewoon en deel op bladsy 20 sy ondervindings met lezers.

Cheers! Slainte! Gesondheid! Prost! Skål! ... die mens se bewondering vir en toegeneentheid tot die vrug van die druif kan nie ontken word nie, en solank dit nie misbruik word nie, is dit vir baie 'n noodsaaklike bestanddeel vir enige sosiale interaksie. Dalena le Roux merk terdeg in haar artikel op bladsy 50 op dat 'n glasie van die een of ander vloeistof in die hand omtrent gesien kan word as die lewensbloed van 'n samekoms. Wel, terwyl ons nou die feesseisoen betree, gebruik asseblief die 'voggies'oordeelkundig en maak sekere jy doen dit met 'n boek in jou hande en nie 'n stuurwiel nie!

Vriendelike Kerswense van ons almal in Publikasies!

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Biblioteekaris** is die huisblad van die Wes-Kaap Biblioteekdienis en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdienis nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.